Downloaded from testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2022

**10791**

**GESKIEDENIS**

**VRAESTEL 1**

**TYD:** 3 uur

**PUNTE:** 150

**9 bladsye + 'n addendum van 14 bladsye**

GESKIEDENIS V1

10791A

X05

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**
**'n Addendum van 14 bladsye is binne die vraestel ingesluit.**

Downloaded from testpapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk volgens die KABV-dokument.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA VANAF DIE 1970's TOT DIE 1980's

   VRAAG 3: BURGERLIKE SAMELEWINGSBETOGINGS VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWINGSBETOGINGS VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING IN DIE VSA

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord, sal in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en 'n ander EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag of 'n opstelvraag wees.

5. Wanneer vrae beantwoord word, moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig toepas.

6. Jy word aangeraai om ten minste een uur per vraag te spandeer.

7. Jy sal benadeel word deur bloot die bronne as antwoorde te herskryf.

8. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer word.

9. Skryf duidelik en leesbaar en gebruik slegs blou ink.

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling. Die bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE MARSHALL-PLAN KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) VANAF 1947 VERERGER?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Watter uitdagings het Europese lande na die Tweede Wêreldoorlog in die gesig gestaar, volgens die Minister van Buitelandse Sake, George Marshall? (3 x 1) (3)

1.1.2 Definieer die term *kommunisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.3 Waarom, volgens die bron, is die Europese Herstelprogram in 1945 van stapel gestuur? (3 x 1) (3)

1.1.4 Haal TWEE hoofdoelwitte van die Marshall-plan uit die bron aan. (2 x 1) (2)

1.1.5 Gebruik jou eie kennis en verduidelik waarom die Sowjetunie en gebiede onder sy mag (satellietstate) nie die uitnodiging na Parys aanvaar het om ŉ samewerkende herstelplan in 1947 op te stel nie. (1 x 2) (2)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Wie, volgens die bron, was die Sowjet-minister van Buitelandse Sake in 1947? (1 x 1) (1)

1.2.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die Sowjetunie teen die Marshall-plan beswaar gemaak het. (2 x 2) (4)

1.2.3 Haal bewyse uit die bron aan wat die Sowjet-pers se kritiek teen die Marshall-plan toon. (1 x 1) (1)

1.2.4 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van hierdie bron vir ŉ historikus wat die USSR se standpunt oor die Marshall-plan navors. (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oorgedra word. Gebruik visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.3.2 Gebruik jou eie kennis en verduidelik die houding van die spotprenttekenaar teenoor die Marshall-plan. (2 x 2) (4)

1.4 Bestudeer Bron 1D.

1.4.1 Haal bewyse uit die bron aan wat wys hoe ekonomiese verhoudings binne die private sektor as gevolg van die Marshall-plan gegroei het. (2 x 1) (2)

1.4.2 Verduidelik die konsep *Marshall-plan* in die konteks van die Koue Oorlog in Europa. (1 x 2) (2)

1.4.3 Gebruik inligting uit die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die Marshall-plan tot die Atlantiese Alliansie gelei het. (1 x 2) (2)

1.4.4 Lewer kommentaar oor hoekom die Ekonomiese Samewerkingsadministrasie (ESA) gestig is. (1 x 2) (2)

1.5 Vergelyk Bronne 1B en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1D met betrekking tot die implementering van die Marshall-plan ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Marshall-plan die Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die USSR vanaf 1947 verhoog het. (8)

**[50]**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE MAGTE GEDURENDE DIE 1970's BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Noem DRIE bevrydingsbewegings vanuit die bron wat deur die USSR, die VSA en China ondersteun is. (3 x 1) (3)

2.1.2 Met wie, volgens die bron, het die MPLA vir bystand onderhandel? (1 x 1) (1)

2.1.3 Definieer die konsep *burgeroorlog* in die konteks van die konflik in Angola. (1 x 2) (2)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die USSR die MPLA wou help. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Wat, volgens die bron, was ongewoon omtrent die wyse waarop die Suid-Afrikaanse Weermag in Angola betrokke was? (1 x 1) (1)

2.2.2 Noem VIER ekonomiese installasies wat deur UNITA en die SAW geteiken is. (4 x 1) (4)

2.2.3 Hoekom dink jy het UNITA en die SAW ekonomiese teikens aangeval? (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik waarom Suid-Afrika in die 1970's by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. (1 x 2) (2)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Volgens die bron, hoekom het die MPLA hom in ŉ minder gunstige militêre situasie bevind? (1 x 1) (1)

2.3.2 Noem VIER vorme van militêre hulp wat Kuba aan die MPLA verskaf het, uit die bron. (4 x 1) (4)

2.3.3 Gebruik jou eie kennis en verduidelik hoekom die aankoms van die eerste Kubaanse troepe in Angola hoogs geheim was. (1 x 2) (2)

2.3.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die Kubane hul militêre operasie 'Operasie Carlota' genoem het. (1 x 2) (2)

2.3.5 Lewer kommentaar oor waarom ŉ historikus wat die redes vir Kubaanse betrokkenheid in Angola navors, hierdie bron as bevooroordeeld sou beskou. (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



2.4 Gebruik Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik watter boodskap die uitbeelding oordra oor Kuba se rol in Angola. Gebruik visuele leidrade uit die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.4.2 Gebruik jou eie kennis en lewer kommentaar oor hoekom die Kubane hul betrokkenheid in Angola wou vier. (1 x 2) (2)

2.5 Vergelyk Bronne 2C en 2D. Hoe ondersteun die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2D aangaande Kuba se betrokkenheid by die konflik in Angola? (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ’n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom buitelandse moondhede gedurende die 1970's by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. (8)

**[50]**

Downloaded from testpapers.co.za

MAAK ASSEBLIEF HIERDIE ADDENDUM VAN 14 BLADSYE LOS.

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2022

**10791**

**GESKIEDENIS**

**VRAESTEL 1**

**ADDENDUM**

**14 bladsye**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 1: HOE HET DIE MARSHALL-PLAN KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) VANAF 1947 VERERGER?**

**BRON 1A**

Die onderstaande bron, geneem uit ŉ uitstalling deur die Biblioteek van die Amerikaanse Kongres, beklemtoon die redes vir die vorming van die Europese Herstelprogram, ook bekend as die Marshall-plan, in September 1947.

In ŉ hedendaags gevierde aanvangstoespraak van Harvard Universiteit op 5 Junie 1947, het George Catlett Marshall (1880 – 1959), Minister van Buitelandse Sake, ŉ oplossing voorgestel vir die wydverspreide honger, werkloosheid en behuisingstekorte wat Europeërs in die nasleep van die Tweede Wêreldoorlog in die gesig gestaar het. Marshall se toespraak was die hoogtepunt van toenemende Amerikaanse kommer oor die verbrokkelende Europese situasie. Die fisiese vernietiging en die algemene ekonomiese ontwrigting van die oorlog kon aanleiding gee tot die ineenstorting van morele, sosiale en kommersiële lewenswyse. Daar was ŉ tekort aan grondstowwe en voedsel, en oorlog-beskadigde nywerhede het masjinerie en kapitaal nodig gehad voordat produksie hervat kon word.

Marshall het voorgestel dat die Europese nasies self ŉ program vir die heropbou opstel, met die hulp van die Verenigde State. Hierdie toespraak was die amptelike begin van die Ekonomiese Herstelprogram (EHP), beter bekend as "Die Marshall-Plan". Ingevolge die plan het die Verenigde State hulp verleen om hongersnood in die groot oorlogsgebiede te voorkom, die verwoesting van daardie gebiede so vinnig moontlik te herstel en ekonomiese heropbou te begin. Die plan het twee hoofdoelwitte gehad: om die verspreiding van kommunisme in Wes-Europa te voorkom en om die internasionale orde te stabiliseer op ŉ wyse wat gunstig was vir die ontwikkeling van politieke demokrasie en vryemark ekonomieë.

Europese reaksie op Marshall se toespraak was vinnig en positief. Die Britse en Franse ministers van buitelandse sake het vergader en ŉ gesamentlike kommunikasie uitgereik waarin hulle twee-en-twintig nasies genooi het om verteenwoordigers na Parys te stuur om ŉ koöperatiewe (samewerkende) herstelplan op te stel. Sestien van die genooide lande het aanvaar – almal behalwe die Sowjetunie en gebiede onder sy mag – en het in Julie 1947 in Parys vergader. Die Parys-konferensie het gelei tot die stigting van die Komitee vir Europese Ekonomiese Samewerking wat ŉ voorstel vir die beplande Europese heropbou opgestel het en dit in September 1947 aan die Amerikaanse regering voorgelê het.

**[Uit: https://www.loc.gov/exhibits/marshall/marsh-overview.html. Toegang op 07 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 1B**

Die bron hieronder is geneem uit *This Day in History*. Dit skets die verwerping van die Marshall-plan deur die Sowjetunie se Minister van Buitelandse Sake, Molotov, op 2 Julie 1947.

Die Sowjet-reaksie op Marshall se toespraak was ŉ ysige stilte. Die Minister van Buitelandse Sake, Molotov, het egter ingestem tot ŉ vergadering op 27 Junie met sy Britse en Franse eweknieë om die Europese reaksie op die Amerikaanse aanbod te bespreek.

Molotov het dadelik die Sowjet-beswaar teen die Marshall-plan duidelik gemaak. Eerstens, sou dit ekonomiese bystand aan Duitsland insluit, en die Russe kon nie sulke hulp aan die vyand wat so onlangs die Sowjetunie verwoes het, duld nie. Tweedens, was Molotov onwrikbaar in sy eis dat die Sowjetunie volledige beheer en vryheid sou hê van optrede oor enige Marshall-plan-fondse wat Duitsland mag ontvang. Ten slotte wou die Minister van Buitelandse Sake presies weet hoeveel geld die Verenigde State aan elke nasie sou gee. Toe dit duidelik word dat die Franse en Britse verteenwoordigers nie sy besware deel nie, het Molotov op 2 Julie uit die vergadering gestorm. In die daaropvolgende weke het die Sowjetunie druk op sy Oos-Europese bondgenote uitgeoefen om alle Marshall-plan-bystand te verwerp. Daardie druk was suksesvol en nie een van die Sowjet-satelliete het aan die Marshall-plan deelgeneem nie. Die Sowjet-pers het beweer dat die Amerikaanse program " ŉ plan vir inmenging in die binnelandse sake van ander lande" was. Die Verenigde State het die Sowjetunie geïgnoreer en in 1948 die Marshall-plan amptelik tot stand gebring en fondse aan ander Europese nasies begin verskaf.

In die openbaar, het Amerikaanse amptenare aangevoer dat die Sowjet-standpunt nog ŉ aanduiding was dat Rusland van plan was om Oos-Europa van die Weste te isoleer en sy kommunistiese en totalitêre leerstellings in daardie streek af te dwing. Vanuit die Sowjet-perspektief het sy weiering om aan die Marshall-plan deel te neem egter sy begeerte aangedui om vry te bly van Amerikaanse ekonomiese imperialisme en oorheersing.

**[Uit: https://www.com.this-day-in-history/soviet-union-rejects-marshall-plan-assistance Toegang verkry op 07 Januarie 2022.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 1C**

Die Sowjet spotprent hieronder is geneem uit die *Online Exhibitions*: *Marshall Plan at 70 – Big Picture*. Dit beeld die effek van die Marshall-plan op Wes-Europa in 1947 uit. Dit wys hoe W. Averell Harriman (VSA Sekretaris van Handel) 'n been vashou.




**W. A. Harriman**

**Verspreiding van krediet (lenings) volgens die Marshall-plan**

**[Uit: https://mcrl.libguides.com/big_picture Toegang op 07 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 1D**

Die bron hieronder fokus op die prestasies van die Marshall-plan in 1952. Dit is geneem uit '*The Marshall Plan: Design, Accomplishments, and Significance*'.

Amerikaanse aansien en mag in Europa was reeds sterk ná die Tweede Wêreldoorlog. In verskeie opsigte is die Amerikaanse rol in Europa egter aansienlik versterk uit hoofde van die Marshall-plan-program. Die ekonomiese betrekkinge van die Amerikaanse privaatsektor het gedurende hierdie tydperk aansienlik gegroei as gevolg van die program se aanmoediging van verhoogde uitvoere uit Europa en EHP (Ekonomiese Herstelprogram)-toelae en lenings vir die aankoop van Amerikaanse goedere. Die boekwaarde van Amerikaanse beleggings in Europa het ook aansienlik gestyg. Verder, terwyl die Marshall-plan uit 'n erkenning van die ekonomiese interafhanklikheid van die twee kontinente gegroei het, het die implementering daarvan die bewustheid van daardie feit aansienlik beklemtoon. Die OEES (Organisasie vir Europese Ekonomiese Samewerking), wat in 1961 die OESO (Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling) geword het, met die Verenigde State as 'n volle lid, het volhard en 'n forum vir die bespreking van ekonomiese probleme van wedersydse belang verskaf. Ten slotte, die daad van werklike ondersteuning van Amerika vir Europa en die skepping van 'n diplomatieke verhouding wat op ekonomiese kwessies in die OEES gesentreer het, het die evolusie (ontwikkeling) van 'n verhouding, gebaseerd op militêre en veiligheidskwessies, vergemaklik. Volgens Hoffman, die administrateur van die ESA (Ekonomiese Samewerkingsadministrasie), het die Marshall-plan die Atlantiese Alliansie (NAVO) moontlik gemaak.

Baie van die operasionele metodes en programme wat onder die Marshall-plan ontwerp en getoets is, het gereelde praktyke van latere ontwikkelingspogings geword. Die ESA is byvoorbeeld gestig as 'n onafhanklike agentskap met 'n missie in elke deelnemende land om noue interaksie met regerings en die private sektor te verseker, 'n model wat later deur die Amerikaanse Agentskap vir Internasionale Ontwikkeling (USAID) aangeneem is. Anders as vorige hulppogings, het die Plan beleidshervorming bevorder en kommoditeitsinvoerprogramme en teenfondse gebruik om die aanvaarding van daardie hervormings te vergemaklik en ontwikkelingsprogramme te onderneem, 'n praktyk van USAID-programme in latere dekades. Die Marshall-plan het ook die eerste opleidingsprogramme vir deelnemers bekendgestel wat Europeërs na die Verenigde State vir opleiding gebring het. Hulle het privaatsektor-beleggings in ontvangerlande vir hefboomfinansiering (leverage) aangewend deur die gebruik van Amerikaanse regeringswaarborge.

**[Uit: https://www.everycrsreport.com/reports/R45079.html. Toegang op 07 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE MAGTE GEDURENDE DIE 1970's BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

**BRON 2A**

Hierdie bron, geneem van ŉ Amerikaanse regeringswebwerf, verduidelik die betrokkenheid van buitelandse lande by die burgeroorlog in Angola, in die 1970's.

Die burgeroorlog in Angola het in ŉ Koue Oorlog-slagveld ontwikkel namate die supermoondhede en hul bondgenote militêre bystand aan hul voorkeurkliënte gelewer het. Die Verenigde State het hulp en opleiding aan beide die FNLA (Nasionale Front vir die Bevryding van Angola) en UNITA (Nasionale Unie vir Algehele Bevryding van Angola) verskaf terwyl troepe van Zaïre Holden Roberto (leier van die FNLA) en sy vegters bygestaan het. China het ook militêre instrukteurs gestuur om die FNLA op te lei. Die Sowjetunie het militêre opleiding en toerusting vir die kommunistiese MPLA (Algemene Beweging vir die Bevryding van Angola) verskaf. Gedurende die somer van 1975 kon die Sowjet-ondersteunde MPLA die mag in Luanda konsolideer en die VSA-ondersteunde FNLA vanuit die hoofstad verslaan, maar die FNLA het voortgegaan om aan te val.

Die MPLA het ook lank gevestigde betrekkinge met kommunistiese Kuba gehad. Voor 11 November het die MPLA met Fidel Castro (die leier van Kuba) om bystand onderhandel. Terselfdertyd het UNITA, wat Amerikaanse steun geniet het, die Apartheidsregering in Suid-Afrika genader vir militêre hulp. Pretoria, met die doel om die gebruik van Angola as ŉ basis vir rebelle wat vir die onafhanklikheid van Suid-Afrika veg, te beëindig, het Namibië beset en het magte bygedra wat suidelike Angola in Oktober binnegekom het en vinnig na die hoofstad gevorder het. In reaksie hierop het Castro Kubaanse Spesiale Magte gestuur om die Suid-Afrikaanse opmars te stuit en het daarin geslaag om aandag te vestig op die feit dat die Verenigde State ondersteuning verleen het aan ŉ groep wat nou hulp van ŉ Apartheidsregering aanvaar het.

**[Uit: https://www.history.state.gov/milestones/1969-1976/Angola Toegang op 05 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 2B**

Die volgende uittreksel is geskryf deur J. Hanlon, ŉ Britse joernalis, in die middel 1980's. Dit beskryf hoekom Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het en uiteindelik besluit het om terug te trek.

Suid-Afrikaanse aggressie teen Angola was ongewoon: dit is op ŉ groter skaal as teen enige ander land in suidelike Afrika. Nie net het dit die doeltreffendste opposisiebeweging in die streek, die Nasionale Unie vir die Totale Onafhanklikheid van Angola (UNITA) bygestaan en ondersteun nie, maar Angola is ook die enigste land waar die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) ŉ konvensionele oorlog voer.

Ekonomiese installasies was spesiale teikens van beide UNITA en die SAW. Olie verskaf Angola se hoofbron van inkomste, so olie-installasies is herhaaldelik aangeval. Die Benguela-spoorlyn (wat die land met Zambië verbind) is sedert 1980 afgesny; plaaslike hawe- en spoorweginstallasies is gereeld aangeval. Damme, brûe, elektrisiteitslyne, die ystermyne, fabrieke, is almal getref. Die Angolese ekonomie is dus deur ŉ dekade van oorlog verpletter.

Angola is ongetwyfeld ŉ bedreiging vir apartheid. Dit is polities gevaarlik omdat dit veelrassig en Marxisties is. As Angola toegelaat word om te slaag, sal dit die ideologiese grondslae van apartheidskapitalisme in Suid-Afrika vernietig. Dit is ook ŉ veiligheidsbedreiging: Angola laat ANC-opleidingskampe openlik toe. Die Suid-Afrikaners het begin om voorrade vir UNITA te stuur en opleidingskampe vir UNITA op te rig. Uiteindelik, op 16 Oktober 1975, het die Suid-Afrikaanse weermag Angola binnegeval.

Teen 15 November, het die Suid-Afrikaanse weermag 700 km noord beweeg en was net 200 km van die hoofstad af. In hierdie omstandighede het die MPLA ŉ beroep gedoen om hulp van die Oosblok. Kuba en die Sowjetunie was nie bereid om die VSA en Suid-Afrika toe te laat om die MPLA te verslaan nie.

**[Uit: *Beggar Your Neighbours: Apartheid Power in Southern Africa* deur J. Hanlon]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 2C**

Die volgende bron beskryf "Operasie Carlota" waarin Kuba hulp aan die MPLA verskaf het. Dit is uit ŉ artikel geskryf deur Gabriel Garcia Marquez, ŉ Colombiaanse skrywer, wat ŉ kommunis was en ŉ vriend van Fidel Castro, die leier van Kuba.

Die MPLA, wat in 1956 gestig is, was die oudste bevrydingsbeweging in Angola. Dit alleen het die steun van die meeste Angolese gehad en ŉ sosiale, politieke en ekonomiese program wat die beste vir toestande in die land geskik is. Ongelukkig was die MPLA in ŉ minder gunstige militêre posisie as die vyande van die organisasie. Dit het Sowjet-wapens gehad, maar nie die mense wat in staat was om dit te hanteer nie.

Daarenteen was hulle vyande goed opgelei en goed toegerus. Die FNLA en UNITA het bande met die CIA (Die Amerikaanse Sentrale Intelligensie-agentskap) gehad. UNITA was onder bevel van Jonas Savimbi – ŉ beginsellose leier wat in die verlede saam met die Portugese kolonialiste en die buitelandse maatskappye wat Angola se hulpbronne ontgin het, gewerk het. Laastens het die magtige Suid-Afrikaanse weermag Angola binnegeval om UNITA te ondersteun.

Al hierdie magte, wat gebruik gemaak het van enorme ekonomiese en militêre krag, was gereed om die hoofstad, Luanda, te omsingel. Die MPLA het ŉ beroep om hulp van Kuba gedoen. Toe die Kubane die versoek ontvang het, het hulle nie slegs tot wat versoek is gebly nie: hulle het besluit om veel meer te stuur – 480 spesialiste, wat vier opleidingskampe opgerig het en sestien weermageenhede en vyf-en-twintig mortierbatterye en lugafweer-masjiengeweerpunte georganiseer het. Dit is aangevul met ŉ span weermagdokters, 115 voertuie en ŉ geskikte kommunikasienetwerk. Dit illustreer die versiendheid en daadwerklikheid (dapperheid) waarmee die Kubane die bedreiging in Angola in die gesig gestaar het.

Kuba het gou meer troepe gestuur: Operasie Carlota (vernoem na die leier van ŉ slawe-opstand toe Kuba nog ŉ Spaanse Kolonie was) het begin met die versending van ŉ 650-man-eenheid, versterk deur spesiale magte. Hulle is self per vliegtuig na Luanda-lughawe vervoer. Hierdie eerste soldate het in die geheim opgedaag en was geklee in vakansieklere sonder militêre kentekens. Hulle het die voorkoms van gewone toeriste gehad en tasse gedra. In hul koffers was masjiengewere en die vragruim van die vliegtuig was gevul, nie met vakansietoerusting nie, maar met wapens.

**[Uit: http://www.rhodesia.nl/marquez.html. Toegang op 6 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 2D**

Die bron hieronder is 'n beeld van 'n posseël wat in Kuba, in 2000, uitgereik is om die 25ste herdenking van die begin van Operasie Carlota te vier.




**[Uit: https://twitter.com/Louis_Allday/status/924742221458477057 Toegang op 27 Februarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 3: VOOR WATTER PROBLEME HET DIE VRYHEIDSRYERS TE STAAN GEKOM TOE SEGREGASIE OP BUSVERVOER GEDURENDE DIE 1960's IN DIE VSA UITGEDAAG IS?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder is geneem uit '*Chicago's Very Own News; Remembering the Freedom Riders 60 years later*'. Dit verduidelik hoe die Vryheidsryersbeweging in 1961 per bus na die suide van Amerika gereis het om desegregasie van die interstaatlike vervoerfasiliteite af te dwing, ongeag die wrede aanvalle in die VSA.

In 1955 het Rosa Parks gehelp om die Montgomery, Alabama-busstelsel te integreer toe sy geweier het om haar sitplek prys te gee, maar interstaatlike busreise het in die Suide gesegregeer gebly tot die Vryheidsritte van 1961. Bloed is vergiet en lewens is amper verloor, aangesien die nie-gewelddadige protesaksies met wrede aanvalle en tronkstraf begroet is.

Op 4 Mei 1961 het ŉ klein groepie van 13 swart en wit lede van CORE, die *Congress of Racial Equality*, vanaf Washington, D.C. vertrek, op pad na New Orleans op wat veronderstel was om ŉ twee weke lange reis te wees om die Jim Crow-wette in die Suide uit te daag. Die eerste paar bushaltes was rustig totdat hulle Rock Hill, Suid-Carolina bereik het. Drie ryers is wreed (brutaal) aangeval omdat hulle probeer het om die "slegs blankes"-toilet te gebruik. Hoe verder suid die Vryheidsryers gegaan het, hoe venyniger was die aanvalle. In Anniston, Alabama, het ŉ skare van ongeveer 200 Ku Klux Klansmanne die bus met brandbomme bestook terwyl die polisie toekyk. Op dieselfde dag is nog ŉ groep Vryheidsryers wreed (brutaal) geslaan deur ŉ gepeupel (skare) wat hulle by die Birmingham-busstasie ingewag het. Ná die geweld in Anniston en Birmingham het CORE aangekondig dat dit die ritte beëindig. Maar die SNCC, die *Student Non -Violent Coordinating Committee,* (Studente Nie-Gewelddadige Koördineringskomitee), het die saak oorgeneem.

Die wrede aanvalle het voortgeduur terwyl die groep in Montgomery, Alabama gery het en daarna na Jackson, Mississippi, gereis het, maar hierdie keer was die bus gelaai met gewapende troepe, gevolg deur patrolliemotors. Toe hulle van die bus afklim, met sommige van hulle steeds in die verbande van die aanvalle in Alabama, is hulle gearresteer omdat hulle probeer het om "slegs blankes" fasiliteite te gebruik. Sommige in die groep het geweier om die boete te betaal en het verkies om in die tronk te bly. Dit het nasionale, selfs internasionale media-aandag begin trek. Die "tronk, geen borgtog-taktiek" het soveel druk op die Mississippi-strafstelsel geplaas dat die Interstaat Handelskommissie beveel het dat die wit en gekleurde kennisgewing in die terminale verwyder moet word. Ná etlike maande, byna 400 arrestasies en minstens 60 ritte later, het die Vryheidsryers die oorwinning behaal.

**[Uit: https://wgntv.com/news/cover-story/remembering-the-freedom-riders-60-years-later/ Toegang op 05 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 3B**

Die uittreksel hieronder is geneem uit die *History Today* Nuusbrief, bygewerk op 27 Januarie 2022 deur die ondersoekende joernalis, T. Morgan. Dit fokus op hoe die studente in Nashville, gelei deur Diane Nash, alles gewaag het om segregasie deur die Vryheidsritte in 1961 te beëindig.

Die sukses van die sitbetogings het Nashville die eerste suidelike stad gemaak om middagetetoonbanke in die land te desegregeer, maar dit was net die begin vir die jong aktiviste. In 1961 het die Nashville Sentrale Studentekomitee ŉ kennisgewing van die *Congress of Racial Equality*, CORE, ontvang dat hulle die Vryheidsritte begin het wat van een staat na ŉ ander gereis het. Die deelnemers het hulself in toenemende gevaar van woedende gemeenskappe wat hewig teen die idee van integrasie was, bevind.

Die aggressie het ŉ hoogtepunt bereik toe die Vryheidsritte in Alabama aangekom het. Op 14 Mei 1961, is busse verbrand en die aktiviste geslaan, wat hulle gedwing het om na New Orleans terug te trek. Van daar af was Nash se taak om die fakkel saam met ŉ nuwe groep Vryheidsryers te dra. "Ons het besef dat as die Vryheidsrit daar en dan na al daardie geweld beëindig word, suidelike wit rassiste sou dink dat hulle ŉ projek deur genoeg geweld kon beëindig," sê sy. "En ons sou nie enige soort beweging vir stemreg, desegregasie van die busse en publieke akkommodasie kon hê sonder groot lewensverliese nie."

So, Nash en haar eweknieë het die Vryheidsritte voortgesit, ten spyte van die besware van baie magtige mense, insluitend Prokureur-generaal Robert Kennedy. Kennedy het sy assistent, John Seigenthaler, opdrag gegee om direk met Nash te praat in ŉ poging om die Vryheidsritte te beëindig. Met soveel bloedvergieting in Alabama het hy die voorsitter aangemoedig om terug te staan van die geweld wat ongetwyfeld vir hulle op die roete gewag het. "Mense het baie goed verstaan wat kan gebeur," sê Nash, wat aan Seigenthaler verduidelik het dat die deelnemers aan die Vryheidsritte vir haar verseëlde koeverte met hul testamente gegee het, in die geval van hul dood. "Gelukkig kon ek al daardie verseëlde koeverte terugbesorg."

Die Vryheidsritte het in die herfs van 1961 afgesluit met nog ŉ oorwinning vir die Burgerregtebeweging; die Interstaat Handelskommissie het gesegregeerde busreise en terminale onwettig gemaak, effektief vanaf 1 November.

**[Verwerk uit: https://www.history.com/news/diane-nash-freedom-rider-civil-rights-movement Toegang op 05 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 3C**

Die uittreksel hieronder is geneem uit die meningsafdeling van die *Los Angeles Times* koerant. Dit is getitel *Remember the Freedom Riders*. Die skrywer verduidelik hoe die polisie en die FBI saamgespan het in die aanvalle teen die Vryheidsryers-protes teen segregasie in die Suidelike State van Amerika in die 1960's.

ʼn 12-jarige meisie het destyds toegekyk hoe een van die twee busse wat die aktiviste van Atlanta vervoer het, op 14 Mei in Anniston, Alabama, aangekom het. ʼn Woedende skare Ku Klux Klansmanne het die Greyhound-bus van die pad gedwing en die bus met brandbomme gebombardeer. Bloedige en wrede aanrandings het die Vryheidsryers en sommige omstanders beseer (onstabiel) en gehawend gelaat. Een het 53 steke nodig gehad. Nege is in die hospitaal opgeneem.

Maar wat die ryers nie geweet het nie, was dat die plan om hulle te ontmoet – en te keer – nie deur die Ku Klux Klan (KKK) alleen uitgebroei (uitgedink) is nie, maar in samewerking met die Birmingham-polisiedepartement plaasgevind het. Op Eugene "Bull" Connor se bevel, die stad se ultra-segregasie-kommissaris vir openbare veiligheid, het polisiebeamptes geheime vergaderings gehou met die leiers van die Eastview-klavern (plaaslike tak) van die Klan. Hulle het nie net die Vryheidsryers se reisplan oorhandig nie, maar hulle het ook die Klansmanne 15 tot 20 minute belowe om te doen wat hulle wou by die busstasie voor die polisie opdaag. Die samespanning van die Birmingham-polisie is laakbaar (skandelik), maar miskien nie so verbasend nie.

Twee jaar later het brandslange en polisiehonde wêreldwye simbole van gewelddadige Suidelike weerstand teen rassegeregtigheid geword. Maar wat net so kommerwekkend is, is dat J. Edgar Hoover en die FBI ook bewus was van die plan om ʼn blinde oog vir die geweld te draai. Die FBI was, in die mees welwillende (behulpsame) ontleding, gevaarlik gedistansieer. Dit is ʼn deel van waaroor sistemiese rassisme gaan. Die Vryheidsryers het probeer om die sluimerende gewete van die land wakker te maak.

**[Uit: https://www.latimes.com/opinion/story/2021-05-14/freedom-riders-police-fbi-klan Toegang op 05 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 3D**

Die foto hieronder hang by die *Freedom Riders National Monument* in Anniston, geneem deur ŉ onbekende fotograaf. Dit beeld die brandende Greyhound-bus uit wat Vryheidsryers op 14 Mei 1961 na Anniston vervoer het. Hulle is deur wit skares geslaan en ernstig beseer nadat hulle van die bus afgeklim het.




**[Uit https://newschannel9.com/news/local/freedom-riders-national-monument-now-open-in-anniston Toegang op 05 Januarie 2022 verkry.]**

**EINDE**

Downloaded from testpapers.co.za



**ERKENNNGS**

Visuele bronne en ander historiese inligting is uit die volgende geneem:

*Beggar Your Neighbours: Apartheid Power in Southern Africa* by J. Hanlon

*http://www.rhodesia.nl/marquez.html.*

*https://mcrl.libguides.com/big_picture*

*https://newschannel9.com/news/local/freedom-riders-national-monument-now-open-in-anniston*

*https://twitter.com/Louis_Allday/status/924742221458477057*

*https://wgntv.com/news/cover-story/remembering-the-freedom-riders-60-years-later/*

*https://www.com.this-day-in-history/soviet-union-rejects-marshall-plan-assistance*

*https://www.everycrsreport.com/ reports/R45079.html.*

*https://www.history.com/news/diane-nash-freedom-rider-civil-rights-movement*

*https://www.history.state.gov/milestones/1969-1976/Angola*

*https://www.latimes.com/opinion/story/2021-05-14/freedom-riders-police-fbi-klan*

*www.loc.gov/exhibits/marshall/marsh-overview.html.*

Downloaded from testpapers.co.za

Downloaded from testpapers.co.za

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 3: VOOR WATTER PROBLEME HET DIE VRYHEIDSRYERS TE STAAN GEKOM TOE SEGREGASIE OP BUSVERVOER GEDURENDE DIE 1960's IN DIE VSA UITDAAG IS?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Noem die persoon in die bron wat gehelp het om die Montgomery, Alabama-busstelsel te integreer. (1 x 1) (1)

3.1.2 Haal bewyse uit die bron aan wat toon dat die nie-gewelddadige protesaksie met brutaliteit begroet is. (1 x 1) (1)

3.1.3 Definieer die konsep *Jim Crow-wette* in die konteks van segregasie op interstaatlike busse in die Suidelike State van Amerika gedurende die 1950's. (1 x 2) (2)

3.1.4 Verduidelik wat die studente gemotiveer het om voort te gaan met die Vryheidsritte, ongeag die verwagte wrede aanvalle van die wit heerssugtiges. (1 x 2) (2)

3.1.5 Lewer kommentaar op wat geïmpliseer word deur die verklaring in die bron, *'Dit het nasionale, selfs internasionale media-aandag begin trek*,' in die konteks van die Vryheidsritte-protes. (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Definieer die begrip *desegregasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die bedoelings van die Vryheidsryers met betrekking tot die interstaatlike busse in Amerika gedurende die 1960's. (2 x 2) (4)

3.2.3 Noem DRIE prestasies van die Vryheidsryers wat deur die leier van die Vryheidsryers, Diane Nash, in die bron uiteengesit is. (3 x 1) (3)

3.2.4 Haal bewyse uit die bron aan wat toon dat die Vryheidsryers hul dood tydens die betoging verwag het en daarvoor voorberei het. (1 x 2) (2)

Downloaded from testpapers.co.za



3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Watter optrede volgens die bron dui daarop dat die Ku Klux Klansmanne vasbeslote was om die Vryheidsryers te keer om op 14 Mei 1961 deur Anniston te gaan? (3 x 1) (3)

3.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die polisie en die FBI met die Klansmanne saamgespan het om die Vryheidsryers wreed aan te val. (1 x 2) (2)

3.3.3 Noem TWEE aspekte, uit die bron, wat die simbole van gewelddadige polisiebrutaliteit in suidelike Amerika tydens die betogings in die 1960's geword het. (2 x 1) (2)

3.3.4 Lewer kommentaar oor die betroubaarheid van hierdie bron vir ŉ historikus wat navorsing oor die uitdagings wat die Burgerregtebewegingaktiviste in die gesig gestaar het, doen. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

3.4.1 Watter boodskappe oor die Vryheidsritte word deur die foto uitgebeeld? (2 x 2) (4)

3.4.2 Lewer kommentaar oor hoe die volgende groepe op die foto gereageer het:

(a) Lede van die Burgerregtebeweging (1 x 2) (2)

(b) Lede van die Ku Klux Klan (1 x 2) (2)

3.5 Vergelyk Bronne 3C en 3D. Verduidelik hoe die bewyse in 3D die inligting in 3C ondersteun aangaande die wit heerssugtiges se gewelddadige reaksie op Amerikaners wat teen rasseskeiding op die interstaatlike busse betoog het. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting en relevante bewyse uit die bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die probleme verduidelik wat die Vryheidsryers in die gesig gestaar het toe hulle segregasie op busvervoer gedurende die 1960's in die VSA uitgedaag het. (8)

**[50]**

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

'... met al die militêre mag kon die Verenigde State van Amerika nie ŉ klein nasie van kleinboere in Viëtnam verslaan nie.'

Bespreek hierdie stelling krities in die lig van die Verenigde State van Amerika se betrokkenheid in Viëtnam tussen 1965 en 1975. Motiveer jou antwoord deur relevante voorbeelde te gebruik. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Die Kongo was nie suksesvol om politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele verandering teweeg te bring nadat onafhanklikheid van koloniale heerskappy bereik is nie.

Stem jy saam met die bogenoemde stelling? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWINGSBETOGINGS VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING IN DIE VSA

Verduidelik tot watter mate die Swartmag-filosofie die lewens van Afro-Amerikaners wat in die VSA gewoon het, in die 1960's en 1970's verander het.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

Downloaded from testpapers.co.za

Downloaded from testpapers.co.za

Downloaded from testpapers.co.za

Downloaded from testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2022

# NASIENRIGLYNE

**GESKIEDENIS VRAESTEL 1 (10791)**

**25 bladsye**

Downloaded from testpapers.co.za



## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe vlakke | Historiese vaardighede | Gewig van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Uittreksel van bewyse uit bronne<br>• Keuse en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese konsepte/terme | **30% (15 punte)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting wat uit bronne versamel is<br>• Ontleed bewyse uit bronne | **40% (20 punte)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Bespreek bronne om die nuttigheid, betroubaarheid, vooroordeel en beperkings te bepaal<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe wat in bronne aangebied word en verkry ŉ onafhanklike gevolgtrekking | **30% (15 punte)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- In die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet aan enige ander geldige en relevante standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde gegee word.
- In die toekenning van punte, moet klem geplaas word op hoe die vereistes van die vraag aangespreek is.
- In die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) asook die vlak van die vraag kursief aangedui.

## 2. OPSTELVRAE

**2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argumente te struktureer in ŉ logiese en samehangende wyse. Hulle moet die relevante inligting kies, organiseer en saamvoeg sodat hulle ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument kan aanbied om die vraag wat gestel word, te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ gevolgtrekking het.

**2.2 Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarvan bewus wees dat die inhoud van die antwoord beïnvloed sal word deur die handboeke wat by die sentrum gebruik word.
- Kandidate kan enige ander relevante inleiding en/of gevolgtrekking hê as dié wat by ŉ spesifieke opstel nasienriglyn vir ŉ spesifieke opstel ingesluit is.
- Wanneer oop-einde, brongebaseerde vrae geassesseer word, moet leerders krediet kry vir enige ander relevante antwoorde.

Downloaded from testpapers.co.za



2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel sal holisties (in sy geheel) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die nasiener die algehele produk evalueer, sonder om die komponente dele afsonderlik aan te teken. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening te bied deur geselekteerde feitelike bewyse te gebruik om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om bloot 'feite' weer te gee om ŉ hoë punt te behaal nie. Hierdie benadering ontmoedig leerders om 'model' antwoorde voor te berei en hulle te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag te oorweeg. Holistiese assessering, in teenstelling met inhoudsgebaseerde assessering, penaliseer leerder nie vir ontoereikende taal nie. Klem word op die volgende geplaas:

- Die konstruksie van die argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om die argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

2.4 **Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel beoordeel word.

2.4.2 Tydens die lees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante <u>inleiding</u>, (wat deur ŉ kolpunt in die nasienriglyn aangedui word) die <u>belangrikste aspekte/liggaam</u> van die opstel wat die lyn van argument onderhou/verdedig (wat deur kolpunte in die nasienriglyn aangedui word) en ŉ relevante <u>slot</u> (wat deur ŉ kolpunt in die nasienriglyn aangedui word).
Byvoorbeeld, in ŉ opstel waar daar vyf (5) hoofpunte is, kan daar sewe (7) regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL-struktuur in gedagte tydens die nasien van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat stel die opstel bekend deur ŉ argumentslyn duidelik te stel/ŉ belangrike punt te maak. Elke paragraaf moet ŉ punt insluit wat die belangrikste hoofgedagte (argumentslyn) ondersteun wat in die inleiding bekendgestel is. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet die hoofgedagte in meer detail verduidelik en hoe dit verband hou met die vraag wat gestel word (argumentslyn). |
| **E** | **Voorbeeld:** Kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te kies wat relevant is vir die argumentslyn. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argumentslyn te onderhou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet verseker dat die argument regdeur volgehou word en samehangend geskryf word. |

Downloaded from testpapers.co.za



2.4.4 Die volgende simbole MOET gebruik word wanneer 'n opstel geassesseer word:

- Inleiding, hoofaspekte en gevolgtrekking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling | | |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- argumentslyn LOA ↕

2.5 **Die matriks**

Gebruik van die matriks in die nasien van opstelle

In die nasien van opstelle moet die kriteria soos voorsien in die matriks gebruik word. Let op na die inhoud en aanbieding by die assessering van die opstel. By die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe bevoegdheidsvlakke, moet 'n punt toegeken word.

(a) Die eerste nasien van uitgebreide skryfwerk sal wees om te bepaal tot watter mate die hoofaspekte gedek word en om die **inhoudsvlak (**op die matriks) aan te dui.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| | | |

(b) Die tweede lesing van uitgebreide skryfwerk hou verband met die vlak (op die matriks) van **aanbieding**.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

| I | VLAK 4 | }26–27 |
|---|---|---|
| A | VLAK 3 | |

Downloaded from testpapers.co.za



| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | VLAK 7 Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1* Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ***VLAK 7*** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47 – 50 | 43 – 46 | | | | | |
| ***VLAK 6*** Vraag is beantwoord. Inhoudskeuse relevant tot argument wat gevolg is. | 43 – 46 | 40 – 42 | 38 – 39 | | | | |
| ***VLAK 5*** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38 – 39 | 36 – 37 | 34 – 35 | 30 – 33 | 28 – 29 | | |
| ***VLAK 4*** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30 – 33 | 28 – 29 | 26 – 27 | | |
| ***VLAK 3*** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26 – 27 | 24 – 25 | 20 – 23 | |
| ***VLAK 2*** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20 – 23 | 18 – 19 | 14 – 17 |
| ***VLAK 1**** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14 – 17 | 0 – 13 |

## * Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:

- Vraag glad nie aangespreek nie/heeltemal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie. = 0
- Antwoord sluit basiese en oor die algemeen irrelevante inligting in, geen poging om die opstel te struktureer nie. = 1 – 6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; min poging om die opstel te struktureer. = 7 – 13

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET DIE MARSHALL-PLAN KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) VANAF 1947 VERERGER?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – L1]*

- Wydverspreide honger
- Werkloosheid
- Behuisingstekorte (3 x 1) (3)

1.1.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1A – L1]*

- Regeringstelsel waar private eienaarskap nie toegelaat word nie
- Staatseienaarskap van die ekonomie/klaslose samelewing
- Die rykdom van die land word gelykop verdeel en produksiemiddele deur die staat beheer word

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – L1]*

- Om hongersnood in die groot oorlogsgebiede te voorkom
- die verwoesting van daardie gebiede so vinnig as moontlik te herstel
- Om ekonomiese heropbou te begin (3 x 1) (3)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – L1]*

- Om die verspreiding van kommunisme in Wes-Europa te voorkom
- Stabiliseer die internasionale orde op ŉ wyse wat gunstig is vir die ontwikkeling van politieke demokrasie en vryemark ekonomieë
- ŉ Ekonomiese plan om die Koue Oorlog-spanning verder te versterk vir die VSA om sy oorheersing aan die USSR te bewys
- Amerikaanse ekonomiese strategie om die dollar/geldeenheid uit te brei en te versterk Enige (2 x 1) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – L2]*

- USSR en die Russiese satellietstate het die Marshall-plan as ŉ kapitalistiese plan deur die VSA beskou.
- Hulle wou hulleself nie met die VSA assosieer nie weens die Koue Oorlog-spanning/ sien dit as 'n slenter van die VSA
- Hulle het in kommunisme geglo.
- Die Russiese satellietstate is verlei/gelok om by kapitalisme aan te sluit en kommunisme verontagsaam

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

Downloaded from testpapers.co.za



1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – L1]*

- Molotov (1 x 1) (1)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – L2]*

- Die Marshall-plan het ekonomiese hulp aan Duitsland ingesluit, want tydens WW2 het Duitsland die USSR vernietig.
- Die USSR het geglo dat hulle beheer en vryheid moet hê oor enige ekonomiese hulp wat die Marshall-plan aan Duitsland sou bied.
- Die USSR wou die presiese bedrag geld weet wat elke nasie uit die Marshall-plan sou ontvang.
- Die USSR wou die bepalings en voorwaardes bepaal van die finansiële hulp wat Amerika beoog het om aan ander lande te bied.
- Die USSR het een of ander vorm van deursigtigheid en aanspreeklikheid van die VSA geëis rakende die Marshall-plan.
- Die USSR het ŉ vermoede gehad van ŉ verborge agenda agter die Marshall-plan wat uiteindelik Europese ekonomieë sou vernietig, terwyl die VSA ongelooflike ekonomiese wins sou maak.
- Hulle het dit beskou as 'n dollar-diplomasie wat by Russiese sake inmeng

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – L1]*

- ‘ŉ plan vir inmenging in die binnelandse sake van ander lande’ (1 x 1) (1)

1.2.4 *[Ontleed, interpreteer die bruikbaarheid van Bron 1B – L3]*

- Die bron verwoord die Sowjetunie se negatiewe houding jeens die Marshall-plan.
- Die bron verduidelik die redes vir die USSR se beswaar teen die Marshall-plan, ten spyte daarvan dat ander lande soos Frankryk en Brittanje hul ondersteuning van die VSA se plan bevestig het.
- Verduidelik hoe die VSA die Sowjet-verwerping van die Marshall-plan beskou het
- Toon hoe die USSR vasbeslote was om hul stryd teen kapitalisme en die kommunistiese ideologie na te streef

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



1.3 1.3.1 *[Interpretasie van die spotprent, Bron 1C – L2]*

- Dit wys hoe die VSA (W. Averell Harriman – Sekretaris van Handel) – die Marshall-plan – 'n been, gebruik het om Wes-Europa – honde te lok tot die ekonomiese herstelplan in 1947/te beheer/deur die VSA.
- Wes-Europa het pas die verwoestende gevolge van die Tweede Wêreldoorlog gely, en het daarom die Amerikaanse plan gesien as 'n plan om hulle van honger en armoede te red – kwylende honde toon desperaatheid vir die Marshall Plan.
- Die spotprent toon die diepte van armoede in Wes-Europa – vegtende honde, wat die vlak van angs en desperaatheid van daardie lande verteenwoordig.
- Die spotprent beeld uit hoe die VSA die Marshal-plan gebruik het om die lande te beheer wat die ekonomiese plan – hondeleiband – aanvaar het.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – L2]*

**Die Sowjet-spotprenttekenaar spreek 'n negatiewe siening van die Marshall-plan uit:**

- 'n Amerikaanse plan wat daarop gemik is om wins uit arm Europese lande uit te pers (dollardiplomasie)
- Die Marshall-plan word uitgebeeld as 'n been wat gebruik word om Europese lande te lok; dit is in stryd met die 'humanitêre aard' van die plan soos Europese lande geflous is om te glo.
- Europese lande word deur honde verteenwoordig. Dit beeld 'n negatiewe konnotasie uit deur te wys dat hulle desperaat en arm is; en moes staatmaak op die Marshall-plan (monopoliekapitaal).
- Die spotprenttekenaar het geglo dat die Marshall-plan 'n Amerikaanse plan was om arm Europese lande met sy ideologie van kapitalisme te beheer en te beïnvloed.
- Volgens die spotprenttekenaar was die VSA genadeloos en het hulle niks vir die arm lande (vegtende honde en 'n dooie hond) omgegee nie/veroorsaak konflik
- Die arm is ekstra lang wat wys dat Amerika sy invloedsfeer uitbrei

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



1.4 1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – L1]*

- 'Verhoogde uitvoer uit Europa'
- 'EHP- toelae en lenings vir die aankoop van Amerikaanse goedere'

(2 x 1) (2)

1.4.2 *[Verduideliking van historiese konsepte uit Bron 1D – L2]*

- Die VSA se ekonomiese herstelplan tydens die Koue Oorlog was om die ekonomieë van die Europese lande wat erg deur die Tweede Wêreldoorlog geraak is, te laat herleef.
- ʼn Amerikaanse ekonomiese plan geïnisieer om kapitalisme in Europa tydens die Koue Oorlog te bevorder.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – L2]*

- Marshall Plan het ʼn grondslag gelê vir Westerse moondhede om onder sy vaandel te verenig.
- Dit het die diplomatieke verhouding tussen Wes-Europese lande gestimuleer en laat herleef.
- Ekonomiese en politieke interaksie tussen lande wat Amerikaanse ekonomiese hulp na WW2 gesoek het, aangemoedig en gefasiliteer.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

1.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – L2]*

- As ʼn instelling wat die verhouding tussen regerings en die private sektor sal fasiliteer tussen lande wat aan die Europese Herstelplan deelneem.
- Dit het die private maatskappye in lande aangemoedig om te belê en met regerings saam te werk om ekonomiese groei te stimuleer.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

1.5 *[Vergelyking van inligting uit Bron 1B en 1D – L3]*

- Bron 1B meld dat Rusland die Marshall-plan as Amerikaanse dominansie en imperialistiese stelsel gesien het en Bron 1D verduidelik ekonomies interafhanklikheid.
- In beide Bronne 1B en 1D, word die Marshall-plan beskryf as ʼn plan om Wes-Europa te red.
- In beide Bronne 1B en 1D word verduidelik dat die VSA hulp aan Wes-Europese lande verskaf het.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



1.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne en eie kennis – L3]*

**Kandidate moet 'n begrip toon van hoe die Marshall-plan die Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjetunie (USSR) vanaf 1947 verhoog het.**

- Die Verenigde State van Amerika het die Marshall-plan ingestel om verwoeste Wes-Europese lande na WW2 te help. (Bron 1A)
- Die plan is daarop gemik om wydverspreide honger, werkloosheid en behuisingstekorte te bekamp in lande wat bereid was om die Marshall-plan te aanvaar. (Bron 1A)
- Die plan was egter nie net ekonomies nie, maar ook polities, aangesien daar van lande wat die Marshall-plan aanvaar het verwag is om die ideologie van kapitalisme aan te neem. (Eie Kennis).
- Die Marshall-plan was gerig teen die voorkoming van die verspreiding van kommunisme in Wes-Europa en om politieke demokrasie en vryemarkekonomieë te stabiliseer. (Bron 1A).
- Die Sowjetunie en sy satellietstate het geweier om aan die besprekings oor die Marshall-plan deel te neem. (Bron 1A en 1B).
- Die USSR het die Marshall-plan beskou as 'n imperialistiese en kapitalistiese dollardiplomasie wat daarop gemik was om die Amerikaanse monopoliekapitaal te versterk, in plaas daarvan om lande by te staan. (Eie kennis).
- Die USSR wou vry bly van Amerikaanse ekonomiese imperialisme en oorheersing. (Bron 1B).
- Die Marshall-plan, volgens Bron 1D, het wel prestasies behaal, soos die bekendstelling van opleidingsprogramme om onderlinge verbondenheid tussen regerings en die private sektor te verbeter.
- Marshall-plan is gebruik om die status van die VSA te verbeter. (Eie Kennis)

(Enige ander relevante antwoord) (8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

| VLAK | VLAKBESKRYWINGS | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv., **toon geen of 'n mate van begrip van hoe die Marshall-plan Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die USSR vanaf 1947 vererger het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv., **toon hoe die Marshall-plan Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die USSR vanaf 1947 vererger het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv., **toon 'n deeglike begrip van hoe die Marshall-plan Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die USSR vanaf 1947 vererger het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6 – 8** |

**[50]**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE MAGTE GEDURENDE DIE 1970's BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – L1]*

- USSR – 'MPLA'
- USA – 'FNLA/UNITA'
- China – 'FNLA' (3 x 1) (3)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – L1]*

- Fidel Castro (1 x 1) (1)

2.1.3 *[Verduideliking van historiese konsepte Bron 2A – L2]*

- 'n Konflik tussen twee of meer groepe binne dieselfde land. In die geval van Angola, tussen UNITA en ander rebellegroepe aan die een kant en die MPLA aan die ander kant.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – L2]*

- Die USSR was ook 'n kommunistiese staat en wou die Marxistiese MPLA help en die omverwerping daarvan verhoed.
- Die USSR het teen die belange van die VSA opgetree in die konteks van die Koue Oorlog (wou die verspreiding van kapitalisme beperk).
- Die USSR wou die hulpbronne van Angola hê (bv., olie, diamante).
- Die USSR wou Angolese basisse hê (Angola het uitstekende toegang tot die Atlantiese Oseaan vir Russiese skepe gebied).
- Die USSR wou die ineenstorting van kommunisme in Angola voorkom/die verspreiding van kommunisme in Afrika bevorder.
- Die USSR het Kuba ondersteun as 'n gevolmagtigde wat die MPLA ondersteun het.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – L1]*

- 'dit is op 'n groter skaal as teenoor enige ander land in suider-Afrika.'
(1 x 1) (1)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – L1]*

- Olie-installasies
- Benguela-spoorlyn
- Plaaslike spoorinstallasies
- Hawe-installasies
- Damme
- Brûe
- Elektrisiteitslyne
- Ystermyne
- Fabrieke Enige (4 x 1) (4)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L2]*

- Hulle wou die MPLA/sy bondgenote verswak.
- Ekonomiese skade sal die MPLA se oorlogspoging verswak.
- Om minder geld te hê, lei direk tot minder militêre krag.
- Hulle wou die MPLA dwing om oor te gee.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L2]*

- Dit was polities gevaarlik omdat dit veelrassig en Marxisties was.
- As Angola toegelaat word om te slaag, sal dit die ideologiese grondslae van apartheid vernietig.
- Angola was ook 'n veiligheidsbedreiging: Angola het ANC-opleidingskampe toegelaat.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

Downloaded from testpapers.co.za



2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – L1]*

- 'Dit het Sowjet-wapens gehad, maar nie die mense wat in staat was om dit te hanteer nie.' (1 x 1) (1)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – L1]*

- 480 spesialiste, wat 4 opleidingskampe opgerig en 16 infanterie-eenhede en vyf-en-twintig mortierbatterye en lugafweer-masjiengeweerpunte georganiseer het
- Span weermagdokters
- 115 voertuie
- Geskikte kommunikasienetwerk
- 650-man bataljon soldate
- Spesiale magte
- Masjiengewere
- Ligte artillerie
- Persoonlike vuurwapens
- Groot 75 mm-gewere
- Drie 82 mm mortiere Enige (4 x 1) (4)

2.3.3 *[Interpretasie/Ontleding van bewyse uit Bron 2C – L2]*

- Hulle wou nie hul vyande waarsku nie.
- Hulle wou die verrassingselement hê.
- Hulle wou nie hê die Amerikaners moet daarvan weet en dalk ingryp nie.
- Hulle wou nie hê iemand moes hulle keer voor hulle daar kon kom nie.
- Hulle wou nie 'n internasionale voorval skep nie.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

2.3.4 *[Interpretasie/Ontleding van bewyse uit Bron 2C – L2]*

- Carlota was 'n leier in 'n slawe-opstand/geveg vir vryheid – Kuba het hulself gesien as vegters vir Angolese vryheid.
- Die Kubane wou as vryheidsvegters gesien word.
- Inspirerende figuur in Kuba: gepaste naam vir 'n belangrike sending.
- Hulle wou hulde bring aan die Kubaanse voorvaders wat weens slawehandel gesterf het.

(Enige ander relevante antwoord.) Enige (1 x 2) (2)

2.3.5 *[Evaluering van vooroordeel uit Bron 2C – L3]*

- Hierdie bron is geskryf deur 'n pro-Kubaanse skrywer, GC Marquez en sal natuurlik die Kubane en hul aktiwiteite in Angola bevoordeel.
- Die skrywer was 'n vriend van Castro – hy sou bevooroordeeld in sy/Kuba se guns gewees het en die Kubane ondersteun het om die MPLA te help.
- Die skrywer was self 'n kommunis – hy sou die kommunistiese MPLA/Kuba bevoordeel.
- Die skrywer was 'n kommunis en sou natuurlik teen die kapitalistiese UNITA/SA/VSA wees.
- Die bron is eensydig: Dit gee net die Kubaanse kant.
- Die bron laat na om die UNITA/SA/VSA-perspektief te verskaf.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- Kuba help Angola – die Kubaanse soldate marsjeer saam met die Angolese.
- Kuba het militêre bystand aan Angola verleen – van die soldate dra gewere.
- Kuba en Angola is bondgenote – daar is ŉ Kubaanse en ŉ Angolese vlag saam.
- Die Kubane is trots op hul betrokkenheid by Angola – hulle het ŉ herdenkingseël uitgereik.
- Operasie Carlota was ŉ sukses – die Kubane herdenk die gebeurtenis.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- Die Kubane het geglo dat hul betrokkenheid by Angola positief was.
- Die Kubane het geglo dat hulle die stryd in Angola gewen het.
- Hulle het geglo dat hulle Angola/die MPLA gered het.
- Hulle het hul betrokkenheid by Angola as ŉ sukses beskou.
- Hulle het geglo dat hulle gewen het in hul stryd teen Suid-Afrika en UNITA/ Hulle het geglo dat die kommuniste gewen het.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en 2D – L3]*

- 2C: Kuba het soldate verskaf om die MPLA by te staan. 2D: Dit wys Kubaanse soldate met MPLA-soldate.
- 2C: Kuba het wapens vir die MPLA verskaf. 2D: Dit wys soldate wat wapens dra.
- 2C: Kuba het die MPLA ondersteun. 2D: Dit wys Kubaanse soldate sy-aan-sy met MPLA-soldate.
- 2C: Die MPLA het Castro om bystand gevra. 2D: Dit wys Kubaanse soldate met MPLA-soldate.
- 2C: Ons word meegedeel dat Kuba meer hulp verleen het as wat gevra is. 2D: Dit wys baie troepe in die agtergrond.
- 2C: Bron bespreek die Kubaanse ingryping in Angola. 2D: Dit wys duidelik Kubaanse soldate in Angola.
- 2C: Die bron beskou die Kubaanse ingryping in ŉ positiewe lig.
- 2D: Die Kubane vier die herdenking van die ingryping.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne en eie kennis – L3]*

- Die VSA het UNITA/FNLA ondersteun (Bron 2A).
- Die VSA wou die USSR se belange in Angola teëwerk (eie kennis).
- Zaïre het Holden Roberto/FNLA gehelp (Bron 2A).
- Die Sowjets het die MPLA gehelp (Bron 2A).
- Die USSR, Kuba en die MPLA het ŉ gemeenskaplike ideologie (kommunisme) gedeel (Bronne 2A en 2D).
- Kuba het die MPLA bygestaan (Bron 2A, 2C en 2D).
- SA het UNITA bygestaan (Bron 2A en 2B).
- SA/UNITA het ekonomiese teikens aangeval (Bron 2B).
- SAW het groot skade aan die ekonomie van Angola aangerig (Bron 2B).
- Angola is as ŉ bedreiging vir Apartheid SA beskou (Bron 2B).
- MPLA was swak sonder hulp van buite (Bron 2C).
- Kuba het verskeie vorme van militêre hulp verskaf (Bron 2C).
- Kuba wou Marxisme bevorder (Bron 2C).
- Kuba het hul betrokkenheid by die Angolese konflik in ŉ positiewe lig beskou (Bron 2D).
- Die Angolese Burgeroorlog het ŉ volmagoorlog geword wat deur Koue Oorlog-magte georkestreer is/Voortsetting van Koue Oorlog (eie kennis)
- Oorlog aangevuur deur geld wat verkry is uit die verkoop van olie/ diamante aan buitestanders (eie kennis).
- 

(Enige ander relevante antwoord) (8)

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken.

| VLAK | VLAKBESKRYWINGS | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse. **Toon min begrip van hoekom buitelandse moondhede gedurende die 1970's by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te rapporteer of kan nie oor onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groter mate verband met die onderwerp. **Toon ŉ begrip van hoekom buitelandse moondhede gedurende die 1970's by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse uit die bronne op ŉ basiese wyse. | **PUNTE: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Bewyse is relevant en hou verband met die onderwerp. **Toon deeglike begrip van waarom buitelandse moondhede gedurende die 1970's by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE: 6 – 8** |

**[50]**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 3: VOOR WATTER PROBLEME HET DIE VRYHEIDSRYERS TE STAAN GEKOM TOE SEGREGASIE OP BUSVERVOER GEDURENDE DIE 1960's IN VSA UITGEDAAG IS?**

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- Rosa Parks (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- 'Bloed is vergiet en lewens is amper verloor …' (1 x 1) (1)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2*]

- Gesegregeerde fasiliteite op alle openbare vervoermiddele het dit moeiliker gemaak vir swart burgers om te reis.
- Die Afro-Amerikaners het arrestasie of polisie-brutaliteit in die gesig gestaar as hulle die slegs-wit sitplekke in die bus of openbare fasiliteite by bushaltes gebruik het.
- Afro-Amerikaners kon nie met die interstaat busse reis nie omdat hulle as minderwaardig behandel is en nie toegelaat is om met die blankes in die suidelike state te integreer nie.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*

- Die studente is bemoedig deur die oorwinning van die Burgerregtebeweging in Montgomery, waar die howe wette goedgekeur het wat alle busvervoer en fasiliteite gedesegregeer het.
- Die studente was aktiewe deelnemers aan die 'sit-ins' wat gelei het tot die desegregasie van openbare fasiliteite.
- Hulle was vasbeslote om segregasie in 'n nie-gewelddadige manier
- te beëindig, veral in die suidelike state van Amerika wat voortgegaan het om die Jim Crow-wette te beoefen/
- Die studente se doel was om die implementering van die wette wat onlangs aangeneem is om segregasie in Amerika te beëindig, te toets.
- Dit was nog 'n vorm van protes wat uiteindelik tot gelykheid in Amerika sou bydra.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

Downloaded from testpapers.co.za



3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*

- Die Vryheidsryers het nasionale en internasionale aandag gevestig op die groter stryd om burgerregte, wat nuwe aktiviste en organiseerders na die Burgerregtebeweging gelok het
- Die Vryheidsryers het meer steun vir die Burgerregtebeweging regoor die land geïnspireer en gemobiliseer/ Dit was 'n strategie wat hulle gebruik het om nasionale en internasionale blootstelling en ondersteuning te kry.
- Blankes in die noorde het die geweld teen die Vryheidsryers gesien. Hulle het ook teen die segregasioniste in die suide gedraai.
- Dit het groot druk op die federale regering geplaas om betrokke te raak en by die hofuitspraak en die grondwet van Amerika te hou.
- Die Vryheidsryers het op busse van Washington, D.C. na Jackson, Mississippi gereis, die ryers het gewelddadige opposisie in die diep suide ontlok, wat na nasionale steun gelei het.
- Die Vryheidsryers het die regering gedwing om die hofuitspraak in werking te stel.
- Die Kennedy-administrasie was verleë oor die nasionale opspraak en is gedwing om gelykheid te beoefen en segregasie in Amerika te beëindig.
- Uitgebreide mediaberigte oor die Vryheidsritte het Amerika, wat voorstanders van demokratiese beginsels was, nasionaal en internasionaal in die verleentheid gestel, veral toe Sowjet-Rusland, 'n kommunistiese land, oor die gewelddadige aanvalle begin berig het.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 3B – L1]*

- Die proses om die skeiding van twee groepe te beëindig, gewoonlik met verwysing na rasse.
- Die proses om die skeiding van verskillende rasse-, godsdiens- of kulturele groepe te beëindig na aanleiding van die menseregte-verklaring.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – L2]*

- Vryheidsryers het probeer om "slegs blankes" toilette en middagetetoonbanke by busstasies in Alabama, Suid-Carolina en ander suidelike state te gebruik. Hulle doel was om segregasie op interstaatlike busse en busterminale uit te daag.
- Die howe het beslis dat fasiliteite wat bedoel is om passasiers wat oor staatslyne reis te bedien, soos busstasie-badkamers en kafees, geïntegreer moes word. Maar beide uitsprake is wyd geïgnoreer, wat burgerregte-aktiviste aangespoor het om die aandag op die staat se voortgesette segregasie te vestig.
- Vryheidsryers was groepe Burgerregte-aktiviste, wit en swart, wat in 1961 aan Vryheidsritte deelgeneem het, op busritte deur die Amerikaanse Suide om teen gesegregeerde busterminale te betoog.
- Hulle plan was om New Orleans, Louisiana op 17 Mei te bereik om die sewende herdenking van die Hooggeregshof se Brown v. Board of Education se besluit te herdenk, wat beslis het dat segregasie van die land se openbare skole ongrondwetlik was.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*

- Stemreg
- Desegregasie van die busse
- Publieke akkommodasie (3 x 1) (3)

3.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*

- 'deelnemers aan die Vryheidsritte vir haar verseëlde koeverte met hul testamente gegee het, in die geval van hul dood.' (1 x 2) (2)

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – L1]*

- Brandbomme na die bus geslinger
- Die passasiers wat die bus ontvlug het, is aangerand
- Bloedige en wrede aanrandings het die Vryheidsryers en sommige omstanders beseer (onstabiel) en gehawend gelaat.
- Een het 53 steke nodig gehad.
- Nege is gehospitaliseer. (3 x 1) (3)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – L2]*

- Die Burgerregtebeweging se betogingswyses het meer effektief geword om segregasie te beëindig, die KKK, rassistiese polisie en ander wit regeringsamptenare het saamgewerk om die oppergesag van die blankes in Amerika te verdedig.

(Enige ander relevante antwoord.) Enige (1 x 2) (2)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – L1]*

- 'Brandslange'
- 'Polisiehonde' (2 x 1) (2)

3.3.4 *[Interpretasie en evaluering van die betroubaarheid van Bron 3C – L3]*

**Die bron is BETROUBAAR omdat:**

- Die 12-jarige het die aankoms van die interstaatlike bus gesien wat die aktiviste vervoer het wat op 14 Mei 1961 wreed deur die Klansmanne aangeval is
- Dit is bevestig deur Bron 3D. Die bus wat die aktiviste vervoer het, en op 14 Mei 1961 in Anniston, Ala. aan die brand gesteek is, die foto's van die gebrande bus is geraam en in verskeie Amerikaanse museums opgehang wat die gebrande bus in Anniston weerspieël, wat in 'n rampspoedige dag vir Amerika ontaard het.
- Die wit oppergesag wat die aktiviste aangeval het, opdrag gegee is deur Eugene "Bull" Conner, ondersteun deur J. Edgar Hoover. Die regeringsamptenare het verskeie rassistiese en wrede aanvalle op die Afro-Amerikaners gedurende die 1960's gemagtig soos in hierdie bron genoem met betrekking tot hul laakbare daad op 14 Mei 1960.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



3.4 3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – L2]*

- Die prentjie beeld uit hoe die bus wat die Vryheidsryers vervoer het, verbrand is en die passasiers aangeval is.
- Die digte rook in die bus wys dat die busaanvallers van plan was om die reis van die aktiviste van een suidelike staat na die ander state te stop.
- Die brandende bus wys dat die bedoeling van die aanvallers was om die aktiviste dood te maak, wat vrees by die lede van die Burgerregtebeweging ingeboesem het.
- Die foto vestig die aandag op die rassegeweld en -haat in die suidelike state van Amerika in die 1960's.
- Die fotograaf wys dat die CRM ook deur die blankes ondersteun is – die wit man op die foto wat die swart vrou vertroos.
- (Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Visuele Bron 3D – L2]*
***LEERDERS KAN STEL DAT DIE REAKSIE NEGATIEF WAS OF POSITIEF MAAR MOET HUL ANTWOORD ONDERSTEUN.***

(a)
- Die foto het aan die nasie en volgelinge van die Burgerregtebeweging bewys dat die federale regering traag was of versuim het om te reageer op die wrede aanvalle en rassistiese geweld wat teen die Vryheidsryers uitgeoefen is.
- Hierdie foto het meer anti-rassistiese Amerikaners aangemoedig om by die Burgerregtebeweging aan te sluit of dit te ondersteun wat destyds nie-gewelddadige vorme van protes vir ŉ goeie doel gebruik het.
- Meer Vryheidsryers sou deur die foto aangemoedig word om in te tree en die protes in die suidelike state van Amerika te versterk.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

(b)
- Die Klansmanne sou voel dat hul planne doeltreffend was, en hulle kon die Vryheidsryers-integrasiestrategieë stopsit.
- Die onderdrukkers sou hierdie foto sien as ŉ goeie bron wat die Burgerregtebewegings en die Vryheidsryers sou afskrik of bedreig.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

3.5 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 3C en 3D – L3]*

- Bron 3C meld dat die Vryheidsryers se bus deur die rassistiese gepeupel aan die brand gesteek is en Bron 3D beeld die Greyhound-interstaatlike bus uit wat aan die brand gesteek is deur die Klansmanne wat beplan het om die Vryheidsryers se betoging in die suide te stop.
- Bron 3C meld dat die KKK met die polisie en FBI saamgespan het in die beplanning van die bose aanvalle op die Vryheidsryers en Bron 3D toon dat die regering, polisie en FBI selfvoldaan of tevrede was aangesien hulle nie daarin geslaag het om die gewelddadige voorval op 14 Mei 1960, in Anniston te voorkom nie/Daar is geen bewyse van polisiebeskerming nie.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – L3]*

**Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:**

- Die Vryheidsryers wat nie-gewelddadige strategieë gebruik het om segregasie te beëindig, is wreed aangeval, byna vermoor en tronk toe gestuur deur die rassiste of uit oppergesag. (Bron 3A).
- Die wrede aanvalle en die gebrande bus wat die aktiviste vervoer het, was goed georkestreerde planne deur die KKK in samewerking met die polisie en die FBI (Bron 3A).
- Die meeste van die Vryheidsrit-aktiviste is gearresteer en beboet of borgtog geweier, en is dus aan wrede rassistiese aanvalle in die tronk onderwerp (Bron 3A).
- Die sit-ins het die studente wat aan die Vryheidsritte deelgeneem het, voorberei op verwagte rassistiese aanvalle, dus het hulle verklaar dat hulle vasbeslote was om te sterf in die soeke na die beëindiging van segregasie in die busse en openbare fasiliteite (Bron 3B).
- Diane Nash het geweet dat die Vryheidsryers kan sterf aan die hande van die verdedigers van die Jim Crow-wette in die suidelike state, dus moes hulle hul testamente teken en verseël voordat hulle aan die betoging deelgeneem het (Bron 3B).
- Die Vryheidsryers is amper dood op 14 Mei 1961, in Anniston Ala., toe ŉ woedende KKK-skare die bus verbrand het, die passasiers, media en omstanders aangeval het (Bron 3C).
- Die aanvalle op die Vryheidsryers was goed georkestreer en uitgevoer omdat die KKK saamgewerk het met die polisie en FBI-rassiste wat hulle vooraf die reisplan van die Vryheidsryers gegee het, dus was daar geen onmiddellike reaksie van die staatsamptenare nie (Bron 3C).
- Brandslange en polisiehonde is deur die polisie gebruik om die Burgerregtebeweging se vorme van betogings te stop (Bron 3C).
- Die bestuurders van die interstaatlike busse was huiwerig om die Vryheidsryers te bestuur, slegs enkeles wat die studente ondersteun het, het hulle gereed gemaak vir die ergste aanvalle (Eie Kennis).
- Die busse met die Vryheidsryers is verbrand, bande is afgekap en die passasiers aangeval (Bron 3D).

(Enige ander relevante antwoord) (8)

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| VLAK | VLAKBESKRYWINGS | PUNTE |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv., **toon geen of min begrip tydens die verduideliking van die probleme wat die Vryheidsryers in die gesig gestaar het toe hulle segregasie op interstaatbusvervoer gedurende die 1960's in die VSA uitgedaag het**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | 0 – 2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv., **toon ŉ mate van begrip tydens die verduideliking van die probleme wat die Vryheidsryers in die gesig gestaar het toe hulle segregasie op interstaatbusvervoer gedurende die 1960's in die VSA uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese wyse om ŉ paragraaf te skryf. | 3 – 5 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse, bv., **demonstreer ŉ deeglike begrip tydens die verduideliking van die probleme wat die Vryheidsryers in die gesig gestaar het toe hulle segregasie op interstaatbusvervoer gedurende die 1960's in die VSA uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | 6 – 8 |

**[50]**

Downloaded from testpapers.co.za



**AFDELING B: OPSTELSKRYF**

**VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE: VIËTNAM**

*[Beplan en bou ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretasie vaardighede – L3]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet die konvensionele oorlogvoeringstrategie wat die Verenigde State van Amerika toegepas het en wat deur die guerrilla-taktieke van die Viëtkong tydens die Viëtnamese Oorlog tussen 1965 en 1975 oorweldig is, krities bespreek.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende in hul reaksie insluit:

Inleiding: Kandidate moet die vraag kontekstualiseer deur te verwys na die konvensionele strategieë wat deur die Verenigde State van Amerika aangeneem is wat oorweldig is deur die guerrilla-taktieke van die Viëtkong tydens die Viëtnamese Oorlog tussen 1965 en 1975.

Kandidate moet aandui hoe hulle van plan is om hul argument te ondersteun.

**UITBREIDING**

**VSA strategieë:**

- Redes vir die VSA se ontplooiing van troepe na Viëtnam
- Klein dorpie-stelsel/Strategiese Hamlet-program (VSA en die Suid-Viëtnam-regering het nuwe dorpe geskep en probeer om dorpenaars (boere) te skei van (guerrillas) wat misluk het.
- Golf van Tonkin-resolusie (1964) het aan President Johnson wye militêre magte gegee wat gelei het tot die toename van oorlogvoering in Viëtnam.
- VSA se lug-bomaanval 'Operasie Rolling Thunder' (konvensionele oorlogvoering)
- 'Operation Ranch Hand' – gebruik chemikalieë om woude (Agent Orange) en gewasse (Agent Blue) te vernietig
- VSA het jong en onervare soldate na Viëtnam gestuur.
- VSA het soek- en vernietig-missies (My Lai-Slagting) gebruik om dorpe te vernietig, ondersteun deur Viëtkong (dit het gelei tot ŉ groot aantal burgerlike sterftes).
- Die rol van die media, studente en ontwapeningsbewegings om druk op die Amerikaanse regering te plaas om uit Viëtnam te onttrek.
- President Nixon se Viëtnamiseringsbeleid/insluitend WHAM (Winning the hearts and minds of the Viëtnamese) was ŉ poging deur die VSA om uit oorlog te onttrek en om hul eer te herstel.
- VSA het alle troepe teen 1973 onttrek en Noord-Viëtnam het in 1975 beheer oor Saigon oorgeneem.

(Enige ander relevante antwoord)

Downloaded from testpapers.co.za



**Viëtkong strategieë:**

- Noord-Viëtnam het militêre ondersteuning van die USSR en China ontvang, dus het die Vietming en Viëtkong toegang tot sommige moderne wapens gehad.
- Guerrilla-oorlogvoering is effektief deur die Viëtkong gebruik, ondersteun deur Viëtming uit die noorde en het taktieke gebruik soos fopmyne, ondergrondse tonnels, tref-en-trap en sabotasie.
- Tet Offensive (1968) is deur die Viëtming en Viëtkong geloods teen stedelike sentrums en VSA-basisse regdeur Viëtnam.
- Die plaaslike Viëtnamese bevolking het die Viëtkong ondersteun om hul land te bevry.
- Ho Chi Minh-roete wat deur Viëtming (Noord) gebruik word om Viëtkong in die Suide te ondersteun.
- Die Viëtkong het sy steunbasis vergroot as gevolg van die taktieke wat teen die VSA-soldate gebruik is.
- Viëtnamese was verenig in die verdediging van hul land.

(Enige ander relevante antwoord)

**GEVOLGTREKKING**:

Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking bind. **[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: DIE KONGO**

*[Beplan en bou 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik of hulle met die stelling saamstem of nie. Om met die stelling saam te stem, moet hulle verduidelik hoe Mobuto Sese Seko se politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele beleid nie suksesvol was om verandering teweeg te bring nadat hulle onafhanklikheid van België in die 1960's verkry het nie. Indien kandidate nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul reaksie insluit:

**INLEIDING**

Kandidate moet die vraag kontekstualiseer deur te verwys na Mobutu se swak leierskap en oneffektiewe/skadelike politieke en ekonomiese beleid. Hulle moet standpunt inneem en aandui hoe hulle van plan is om hul argument te ondersteun.

Downloaded from testpapers.co.za



**UITBREIDING**

**Agtergrond :**

- Mobutu het in die chaotiese jare aan bewind gekom, onmiddellik na onafhanklikheid van België verkry was, ŉ tydperk wat gekenmerk was deur geweld en onrus.

**Polities:**

- Mobutu Sese Seko het deur ŉ militêre staatsgreep aan bewind gekom.
- Hy het geglo in ŉ gesentraliseerde staat.
- Mobutu Sese Seko het die Kongo in ŉ eenpartystaat verander – sy party was MPR.
- Mobutu het ŉ diktator geword.
- Opposisiepartye is stilgemaak en daar was bewyse van tronkstraf en menseregteskendings.
- Die Kongo was hoogs gefragmenteer volgens etniese lyne/verdelings.
- Mobutu was ŉ instrument van die Weste (veral van die VSA) in die Koue Oorlog in Afrika.
- Hy het ŉ persoonlikheidskultus geskep met homself in die middel van die Kongo se nasionale identiteit. (Mutisme)
- Die Kongo het ŉ eenpartystaat geword binne die eerste vyf jaar vandat hy onafhanklikheid verkry is met alle opposisie onderdruk.
- Is deur die VSA ondersteun omdat hy as ŉ anti-kommunistiese bondgenoot gesien is.
- ŉ Beleid van Zaïrianisasie is ingestel wat geskoolde buitelanders of diegene wat strategiese bestuursposisies beklee met die ongeskoolde plaaslike inwoners vervang het - wat gelei het tot wanadministrasie en wanbestuur in politieke leiersrolle.
- Mobuto het lewenslank as president gebly tot sy dood.

(Enige ander relevante antwoord)

**Ekonomies:**

- Doel was om die ekonomie te ontwikkel of te diversifiseer, ekonomiese groei en werkskepping te bevorder om alle burgers te bevoordeel.
- Het ŉ kapitalistiese ekonomie van België geërf.
- Oorgeskakel om kapitalisme en buitelandse investering te bevorder wat die weste effektief toegang tot Zaïre se hulpbronne gegee het.
- Mobutu se ekonomiese beleid is gekenmerk deur nepotisme en kleptokrasie wat gelei het tot die skepping van ŉ ryk, magtige elite wat sy getrou was aan Mobutu.
- Swak ekonomiese beleid het gelei tot die afname in die toestand van infrastruktuur soos paaie.
- Persoonlike verryking en vermorsing van hulpbronne (bv. op sy paleis by Gbadolite)
- Inflasiekoerse het 100% bereik en maatskaplike welsyn is gesny.
- Produksie en uitvoere het afgeneem.
- Het buitelandse hulp aanvaar. Blumenthal-verslag – Blumenthal was die Wêreldbankverteenwoordiger in Zaïre. In ŉ uitgelekte verslag het hy gesê daar is geen kans dat die land ooit sy skuld sal terugbetaal nie.
- Kongo word afhanklik van buitelandse hulpbeleggings, bv. van die Wêreldbank.

(Enige ander relevante antwoord)

Downloaded from testpapers.co.za



**Sosiale en kulturele beleide**
- Implementeer ʼn beleid van *Authenticate* (oorspronklik) om inheemse gebruike en oortuigings te bevorder), ook genoem Afrikanisering.
- Vervang Christelike name met Afrika-name.
- Kleredrag: die dra van Westerse-styl pakke is verbode en vervang met ʼn abakos wat 'weg met die pak' beteken.

(Enige ander relevante antwoord)

**GEVOLGTREKKING**

Kandidate moet hul argument met ʼn relevante gevolgtrekking bind. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING BETOGINGS VAN DIE 1950'S TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING IN DIE VSA**

*[Beplan en bou ʼn oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretasie vaardighede – L3]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die Swartmag-filosofie die lewens van Afro-Amerikaners wat in die VSA gewoon het, in die 1960's en 1970's verander het. Daar word van kandidate verwag om die rol wat Malcolm X, Stokely Carmichael en die Black Panther Party gespeel het, te beklemtoon.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul reaksie insluit:

**INLEIDING**

Kandidate moet aandui tot watter mate die Swartmag-filosofie die lewens van Afro-Amerikaners wat in die VSA gewoon het, in die 1960's en 1970's, verander het.

Downloaded from testpapers.co.za



**UITBREIDING**

Die impak van die filosofie van die Swartmag-beweging op Afro-Amerikaners
- Geglo in die konsepte van selftrots en selfagting/selfrespek, wat by Afro-Amerikaners ingeskerp moes word.
- Beginsels van Swartmag (doen dinge vir jouself, beheer politiek in hul gemeenskappe; wees trots op hul eie kultuur en verdedig hulself) teen rasse-onderdrukking en manipulasie;
- Bevordering van swart belange en bekommernisse
- Die filosofie van Swartmag het na vore gekom as ŉ poging om die swak lewensomstandighede van Afro-Amerikaners aan te spreek.

**Malcolm X** het hom bepleit vir swart skeiding, selfbeskikking (Swart Nasionalisme), selfrespek en selfdissipline.
- Opgeroep vir selfgelding (aggressiwiteit) in hul revolusie teen onderdrukking, bv., rasonluste by Watts
- Afro-Amerikaners aangemoedig om op te staan teen wit Amerikaanse owerhede in die nastrewing van vryheid, geregtigheid en gelykheid op enige manier wat moontlik was.
- Bevorder die konsep van 'Swarttrots (selfagting-respek-hulp)

In 1966 het **Stokely Carmichael** die 'Swartmag' slagspreuk '*Black is beautiful*' gewild gemaak en Afrika-trots bevorder.
- Bepleit die uitsluiting van 'wit' liberale as ŉ filosofie vir Afro-Amerikaners
- Hy het geglo dat die strategie van geweldloosheid misluk het as gevolg van die voortdurende geweld wat deur wit Amerikaners teen Afro-Amerikaners gebruik is.
- Afrika-klere/Afro-haarstyle/musiek/letterkunde/erfenis is bevorder as ŉ simbool van Swart trots.

**Die rol van die Black Panther Party**

- Die Black Panther Party (BPP) is in 1966 deur Bobby Seale en Huey Newton gestig.
- Die BPP was betrokke by die inisiëring en ondersteuning van Black Power-programme, dit wil sê, gemeenskapsgebaseerde programme en voedingskemas (anti-armoedesentrums), het begin met programme wat verantwoordelik was vir die verdediging van Afro-Amerikaners teen polisiebrutaliteit. Daar is gefokus op die sosio-ekonomiese toestande van Afro-Amerikaners en hulle het ook verskeie gemeenskapsoorlewingsprogramme bedryf.
- Die Tienpunt-plan het gedien as die Black Panther se manifes wat sy sosiale, politieke en ekonomiese uitgangspunte en doelwitte gedek het.
- Die Tienpunt-plan het ten doel gehad om te verseker dat Afro-Amerikaners gelykheid in onderwys, behuising, indiensneming en burgerregte bereik deur die vraag na vryheid, volle indiensneming, ordentlike behuising, die skep van ŉ behoefte om die ware geskiedenis van Afro-Amerikaners te leer, polisiebrutaliteit en die moord op Afro-Amerikaners te beëindig, en die verskaffing van gratis gesondheidsorg.
- Die Black Panther Party het by straatpatrollies betrokke geraak, polisie-aktiwiteite gemonitor en hulself verdedig deur gewere te dra (militante benadering) om die voortslepende polisiebrutaliteit te stop.

(Enige ander relevante antwoord)

**GEVOLGTREKKING**

Kandidate moet hul argument met ŉ relevante gevolgtrekking saambind. **[50]**

**TOTAAL: 150**